**21 Maart** **Skrifgedeelte: Johannes 4:43-54**
**Fokusgedeelte: Johannes 4:47-48**

## Geloof word geanker in die Woord en nie in wonders nie

Om die werk van sy Vader te doen, moes Jesus weer terugkeer na Galilea. As profeet in eie land was daar altyd weerstand teen sy woorde. Hierdie keer word Hy sonder teenstand verwelkom. Dit blyk gou uit die besoek van die regeringsamptenaar, wie se seuntjie siek is, dat die gerugte wat daar oor Jesus in omloop is, nie oor sy Messiasskap en dat Hy die volk se Redder is, gaan nie. Nee, Hy is ’n wondergeneser! As hulle nie tekens en wonders sien nie, sal hulle eenvoudig nie glo nie! Die amptenaar begryp niks van Jesus se vermaning nie en wil net sy kind gesond hê. Jesus genees die kind en die amptenaar besef dit is Jesus se woorde, en nie een of ander wonder nie, wat krag en genesing vir sy kind gegee het.

Kan jy al sy Woord en beloftes aanvaar, of wag jy dalk nog vir een of ander wonder om jou van sy Messiasskap te oortuig? Gelukkig is elke gesin waar ouers en kinders kan opstaan en sê: Ons het Hom klaar in sy Woord ontmoet!

*Sing: Psalm 9:7 (p. 37)* *Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)*